

Gebruik skilderye vir aanbidding en verkondiging



Elsjé Büchner is leraar van die gemeente Lux Mundi.

Die Switserse Eugene Burnard (1850-1921) het die meegaande treffende skildery geskilder. Die realisme en kunstenaars soos Jean-Francois Millet en Gustave Courbet het hom grootliks beïnvloed. Sy bekendste werk, van Petrus en Johannes wat op die oggend van die opstanding na die graf toe hardloop, hang in die Museum D'Orsay in Parys.

Stof kuns af!

Dan Kimball skryf in sy boek *The emerging church* dat ál meer kerke weer skilderye gedurende eredienste gebruik. Sommige kerke laat selfs kunstenaars toe om, as deel van die Woordverkondiging, gedurende die Woordverkondiging die teks of gebeure te skilder. Dit kos egter 'n bekwame kunstenaar om dit te kan doen!

Ná 'n lang tydperk waar kuns veral uit die gereformeerde kerke geban is, word dit meer en meer terug verwelkom.

Buiten moderne kunstenaars se werke, is daar wonderlike klassieke werke op die internet beskikbaar wat bepaalde Bybelverhale uitbeeld. Dit kan met groot vrug tydens die

Skriflesing gebruik word.

Ons eredienste en gelowiges se stiltetye was baie lank geskool op die intellektuele, op dit wat ons dink. Bob Rognlien maak 'n saak uit vir Jesus se antropologie vir aanbidding op grond van die groot liefdesgebod. Wanneer Jesus ons oproep om God met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag lief te hê, betrek Hy daarmee ons hele menswees.

Op 'n aanbidingsvlak in die erediens het die hart betrekking op wat ons kies, siel op wat ons voel of ervaar, verstand op wat ons dink en krag op wat ons doen.

In ons konteks is ons baie geneig om te dink dat slegs liedere of musiek ons op 'n gevoelsvlak kan aanspreek. Skilderye kan egter ook die teks op daardie vlak oopbreek.

Kyk na die skildery hier onder van Burnard oor Petrus en Johannes. Wys dit as jy klaar Johannes 20:1-10 gelees het en laat mense toe om die teks in die lig van die skildery te interpreteer. Hulle kan die volgende vrae beantwoord:

- Wat tref jou in die skildery?
- Wat sien jy?
- Wat tref jou in die teks nadat jy na die skildery gekyk het?

Doen gerus nou self die oefening en lees die teks met jou siel en verstand!

Gustave Doré is 'n Franse kunstenaar uit die 1800's wat ook Bybelse tonele geskilder het.

Vir 'n meer moderne aanslag kan die kleurvolle skilderye van HeQi met groot vrug op 'n dataprojektor gebruik word. Snuffel gerus op die internet rond.

Gaan gerus na <http://travel.webshots.com/photo/1095839202044269481GSwTtcom> na 'n kleurkopie van Burnard se skildery te kyk.

Bronnelys:

- Kimball, D. 2003. *The emerging church. Vintage Christianity for new generations.* Grand Rapids: Zondervan.
- Rognlien, B. 2005. *Experiental Worship. Encountering God with heart, soul, mind and strength.* Colorado Springs: NavPress.

